



1 OKTOBER 2017

09:00 Erediens – Doop

Eric Scholtz

Ané Visagie (Lynette en Pieter) word vanoggend gedoop. Baie welkom aan al die vriende en familie

09:30 Lynnwood Oord-diens – Nagmaal

Johan Jooste

Altyd reformeer? Eks 25:15

18:00 Aanddiens – Kapel

Immanuel van Tonder

Nuwe harte Eseg 36:24-32

8 OKTOBER 2017

09:00 Erediens

Fay van Eeden

18:00 Aanddiens

Peet Crous

Koster:

Daar is 'n voltydse kosterpos beskikbaar vanaf 1 November 2017. Die pligte behels onder andere: oop- en toesluit; bestuur van terreinpersoneel; die Muur van Herinnering; instandhouding van gereedskap en geboue, bystand by alle eredienste, gereedkry van lokale vir begrafnis en funksies by die gemeente. Die pakket sluit 'n woonstel op die kerkterrein in. E-pos asseblief 'n twee-bladsy CV, met ten minste twee referente, voor of op 8 Oktober aan kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Vir meer inligting skakel die kerkkantoor 012 348 1245.

Bonjour! Bonjour! ça va?
Kom geniet 'n aand van saamkuier en Franse musiek
 Bring asb die aand 'n Kerspoffie met slakfolade en 'n mooi boodskap vir iemand by Harmonie-Oord saam.
18:30 vir 19:00 in die kerksaal
25 Oktober
 Kaartjies: R100 (sluit verversings in)
 by die kerkkantoor en na die diens by die info-toonbank

Gaskunstenaars

Willemien/Philomène &
 Pieter Bezuidenhout, Adelle Nqeto en James Robb

Min mense is ingelig oor wat met afvalwater gebeur nadat hulle die bad se prop uittrek of die toilet spoel. Almal word vriendelik uitgenooi na 'n gulde geleentheid om van die land se voorste wetenskaplikes oor hierdie onderwerp te hoor praat op Donderdag 12 Oktober 2017 om 18:00 tot 19:30 in Koinonia. (Toegang: gratis). Dr Michael Silberbauer, Mnr Kerneels Esterhuyse en Dr Carin van Ginkel kom bespreek: Afvalwater: bate of las in die Moreletaspruitopvanggebied. Meer inligting en 'n kort CV van die sprekers is op die webwerf beskikbaar. Navrae: Anneli Kuhn by 083 750 2873 of stuur 'n e-pos anneli.kuhn@gmail.com.

Voorbidding:

Henna Lombaard, Hoërskool Menlopark, Atterburyweg, Menlopark, 082 926 8378 – sterk tuis aan.

Jan en Jackie Malan, Sussexlaan 470, Lynnwood, 082 784 0807 – Jan se pa is oorlede.

Rolf Rencken (ons orrelis), 076 542 8957 – Sunninghill Hospitaal (ma is in 'n koma).

Peet Crous op RSG!

Vanoggend, tussen 07:10 en 07:50 is die eerste opname uitgesaai van 'n reeks wat RSG saam met Peet Crous opgeneem het. Hierdie keer het dit gehandel oor die plant van inheemse bome. Volg dit gerus!

Nuwe Generasie:

Teken solank ons *Wetnose*-uitreik op 14 Oktober in jou dagboek aan!

Jakaranda Kinderhuis:

Belangstellendes word vriendelik genooi om betrokke te raak by die versiering van Jakaranda Kinderhuis 6 se Kersliggies!

Ons begin gedurende Oktober met beplanning. Kontak asseblief vir Anneke Doms by 082 376 2604 of e-pos adoms@telkomsa.net.

Ons help ook dié jaar weer met fondsinsameling vir Huis 6 deur 'n koffiestalletjie elke aand vanaf 1 – 31 Desember 2017 tydens die Liggiesfees te beman. Ons is besig met voorbereidings en benodig asseblief die volgende: een of meer aande hulp met koffiebediening en/of skenkings van filterkoffie, Nescafé *cappuccino*-sakkies, *hot chocolate*, langlewemelk, suiker, ensovoorts. Baie dankie byvoorbaat vir almal se ondersteuning – dit word opreg waardeer!

Lynnwood Aandmark - 25 Nov:

Ons wil graag ons Aandmark 'n groot sukses maak en benodig daarvoor hulp met die volgende:

- ❖ Vrugtekoek (kontak Bettie Hammann 082 550 5079);
- ❖ Fudge, klapperys, dadelbolletjies, ystervarkies (kontak asseblief vir Hannelie van Tonder 083 452 0441);
- ❖ Tuisgemaakte konfyt (kontak asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854);
- ❖ Heel skaap vir 'n spit (kontak asseblief vir Fay 083 478 0854).

Byvoorbaat baie dankie – u meelewing word opreg waardeer.

Materiaal en wol:

Indien u enige afval materiaal of wol beskikbaar het wat u graag vir 'n goeie doel wil skenk bring dit asseblief na die kerkkantoor.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjek-rekeningnommer: 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za) of *SnapScan*.



Snap here to pay

SnapScan

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggendiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggendiens vir enige navrae.

Kontak van die week: Die vrug van NEDERIGHEID

Hoogmoed is die enigste siekte wat almal siek maak; behalwe die een wat dit het. Meestal weet die sieke ook nie eers dat hy/sy aan hoogmoedsiekte ly nie.

Die Bybel is vol verwysings na nederigheid. Dië gesindheid word sterk verbind aan die karakter van Jesus en Johannes die Doper. Let op hoe deurleefde nederigheid in hulle lewe gefunksioneer het. Jesus kon met die onbelangrikste mense kontak maak. Tog kon Hy ook die grootste wonderwerke doen en groot skares toespreek. Johannes plaas oor-en-oor die fokus op Jesus, weg van homself af. Jesus verskuif die fokus heeltyd na die Vader toe. Nederigheid stel jou dus in staat om voluit in volledige afhanklikheid van God te leef.

CS Lewis skryf in sy boek "*Mere Christianity*" dat baie Christene dink die ergste sondes is seksueel van aard. Hy dink egter dat die slegste sondes op 'n geestelike vlak gepleeg word. Die genot om iemand anders verkeerd te bewys, te domineer, af te breek, in die rug te steek, of mag te misbruik is erger. Vir hom is 'n koue, self-gesentreerde persoon wat gereeld kerk toe gaan nader aan die hel as 'n prostituut.

Die kind van 'n liefdevolle pa of ma wat aan hierdie kind alles bied wat nodig is, kan tog nie in homself roem vir alles wat hy/sy ontvang nie. Hy/Sy kan net in afhanklikheid en nederigheid die gawes ontvang en die meeste maak van die gawes wat ontvang is. Deur nederigheid gaan ons lewens oop vir GOD omdat ons werklik weet dat ons Hom nodig het! As ons eerlik besef wie ons voor God is, kan ons eintlik net in nederige verwondering voor Hom staan.

Corrie ten Boom, 'n bekende sendeling en skrywer in die Christelike wêreld, is eendag gevra hoe sy dit regkry om so nederig te bly ten spyte van haar gewildheid. Sy merk op dat toe Jesus in Jerusalem ingery het op die donkie, sou die donkie nie so arrogant gewees het om te dink dat al die lofsange vir hom was nie. "*As ek net die donkie kan wees waarop Jesus ry, sal ek Hom al die eer en lof gee.*"

Nederigheid bied aan jou die kapasiteit om eerlik jou eie swakpunte, foute en beperkinge te ontdek. Dit bevry jou van 'n obsessie met jou beeld en vrees vir mislukking. Jy kan verskoning vra as jy 'n fout begaan het. Daar is min waardes wat so 'n groot positiewe impak op verhoudinge het, as nederigheid. Dit skep ruimte vir die ander persoon se menswees en oortuigings, al verskil dit van joune.

- Ware nederigheid maak ons nie swakkeling nie. Ons besef juis waar ons krag vandaan kom.
- Ware nederigheid is nie 'n verskoning om jou vrees vir risiko's te verberg nie. God stel jou in staat.
- Ware nederigheid is nie 'n masker vir luiheid nie, want nederigheid bring jou in kontak met ander bronne van motivering en energie as jou eie.
- Ware nederrigheid is nie selfverwerping nie, maar die ontdekking van 'n nuwe identiteit in die Vader.

Harry Truman het gesê: *You can accomplish anything in life, provided that you do not mind who gets the credit.*

1 Kor 13 in Die Boodskap verwoord die praktyk van nederigheid baie mooi:


*Om ander lief te hê beteken: om nooit iemand sleg te behandel wat jou irriteer nie,
om altyd mense so te hanteer dat hulle graag by jou wil wees sonder om bang te wees dat jy hulle sleg sal behandel,
om ander mense dit wat hulle het of kry te gun sonder om lelik daarvoor te wees as hulle dinge het wat jy nie het nie,
om nie heeltyd oor jouself te praat en te spog nie,
om nie heeltyd te maak asof jy soveel beter as ander mense is nie,
om nie net heeltyd aan jouself en jou eie voordeel te dink nie.*

Leonard Bernstein is een dag gevra watter instrument die moeilikste was om te speel. Hy het 'n rukkie gedink en toe gesê: "Tweede viool! Ek kry baie eerste vioole; maar ek sukkel om iemand te kry wat met entoesiasme tweede viool kan speel. En sonder tweede viool het ons geen harmonie nie!"

Mag die nederigheid en afhanklikheid van die Vader jou in staat stel om jou potensiaal te laat blom!

Groete

Immanuel van Tonder (namens die Predikantespan)



Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening

Datum

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap



LocumSA beskik oor opgeleide, gekwalifiseerde versorgers vir: Lang- en korttermyn kontrakte; nood- of dringende-gevalle; dag- en nagskof versorging; versorgers wat op 'n daaglikse basis help met versorging, kroniese siekte-behoeftes; akute- en terminale bystand; gespesialiseerde sorg vir spesifieke behoeftes; verpleging; en nageboorte bystand vir nuwe mammas. (Aansoek kan ook vir mediesefonds-betaling in sommige gevalle vir versorging gedoen word.) Navrae: 071 330 1491, e-pos info@locumsa.co.za of www.locumsa.co.za.

CMR-Derdepoort benodig 'n grassnyer en Wendy-huis. Indien u daarmee kan help kontak asseblief die kerkkantoor.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3^{de} Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

